# LAINGSBURG MUNISIPALITEIT

## KENNISGEWING 106/2025
## OUDITKOMITEE

**Die Munisipaliteit van Laingsburg is op soek na een (1) onafhanklike lid van die publiek met gepaste kwalifikasies om op die Ouditkomitee te dien**

**Doelwitte en Verantwoordelikhede**

a) Die Ouditkomitee is 'n onafhanklike adviserende liggaam wat die Munisipale Raad, die Politieke Ampsdraers, die Rekenpligtige Beampte en die Bestuurspersoneel van die Munisipaliteit moet adviseer oor aangeleenthede wat betrekking het op-

(1) Interne Finansiële Beheer en Interne Oudit;
(2) Risikobestuur;
(3) Rekenkundige Beleid;
(4) Die toereikendheid, betroubaarheid en akkuraatheid van finansiële verslagdoening en inligting;
(5) Prestasiebestuur;
(6) Doeltreffende Bustuur;
(7) Voldoening aan die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, die jaarlikse Wet op die Verdeling van Inkomste en enige ander wetgewing wat van toepassing mag wees;
(8) Prestasie-evaluasie; en
(9) Enige ander kwessies wat deur die Munisipaliteit na die komitee verwys word.

b) Die Jaarlikse finansiële state moet beoordeel word ten einde die Raad van die Munisipaliteit te voorsien van 'n gesaghebbende en geloofwaardige mening oor die finansiële posisie van die Munisipaliteit, sy doeltreffendheid en effektiwiteit en sy algehele vlak van voldoening aan die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, die jaarlikse Wet op die Verdeling van Inkomste en enige ander wetgewing wat van toepassing mag wees;
c) Terugvoering aan die Raad moet gee oor enige kwessies wat deur die Ouditeur-Generaal in die Ouditverslag geopper is;
d) Sodanige ondersoek moet instel na die finansiële sake van die Munisipaliteit wat die Raad mag versoek; en
e) Sodanige ander funksies moet verrig wat voorgeskryf mag word.

**AANSOEKERS PROFIEL EN VEREISTES**

- 'n Algemene begrip van die Interne en Eksterne Ouditfunksies, -beleide en -prosedures;
- Begrip van die doel van 'n korporatiewe diens, met vorige ondervinding in die korporatiewe en/of openbare sektor, beginsels, prosedures en praktyke op 'n senior bestuursvlak;
- Vaardighede of kundigheid op die terrein van die reg, sake rekeningkunde, korporatiewe bestuur, menslike hulpbronnepraktyk en prestasiebestuurstelsels;
- Kennis van bestuursbeginsels en -etiek ten einde in staat te wees om beduidende afwykings van gesonde bestuurspraktyk te identifiseer;
- Moet die belange van die Munisipaliteit te alle tye vooropstel;
- Gevestigde lidmaatskap van 'n erkende professionele liggaam sal 'n aanbeveling wees;
- Aansoekers moet binne die grense van Laingsburg Munisipaliteit, sowel as Sentraal Karoo Distrik, woon; en
- Moet geen kriminele rekord hê nie.

**AMPSDUUR EN VERGOEDING**

- Die ouditkomitee vergader minstens vier maal per jaar.
- Lede word vir 'n maksimum tydperk van drie jaar aangestel.
- Vergoeding dien as 'n sittingstoelaag, soos per uur bereken. Die minimum tydsduur per vergadering is beslis op 03:00. Reiskoste sal gedek word vir diegene buite die Laingsburg Munisipale Gebied.

**INDIENING VAN AANSOEKE**

Aansoeke vergesel van 'n omvattende Curriculum Vitae, en gewaarmerkte afskrifte van kwalifikasies, moet gemerk word "Privaat en Vertroulik: Ouditkomitee aansoek" en gerig word aan: Die Munisipale Bestuurder, Privaatsak X4, Laingsburg, 6900.

**SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE – Vrydag: 12 September 2025**

Nadere besonderhede is beskikbaar by Mnr P Post, telefoon nommer 023-5511019.

**J BOOYSEN**
**MUNISIPALE BESTUURDER**

**28 August 2025**

**Munisipale Kantore**
**Privaatsaak X4,**
**LAINGSBURG**
**Tel.: (023) 5511019**